# TOEKENNING VAN PLAATJIES – STREEK OVERVAAL

1. Vir elke kamp wat bygewoon word en tenminste 1 nag betaal, word 'n saamtrek plaatjie uitgereik.
2. Elke streekplaatjie tel 1 punt. Vir elke 10 voltooide streekkampe word 'n rooi blikplaatjie uitgereik met 'n 10 streek, 20, 30, ens daarop aangebring. Streek plaatjies tel ook as algemene plaatjies.
3. Na die eerste 10 streek toekenning, kry die persoon wat die nuwe lid gewerf het 'n blou ledewerwing plaatjie.
4. Vir elke kamp wat saam met 'n ander streek gekamp word, reik daardie streek 'n plaatjie aan jou uit. Dit word beskou as 'n algemene plaatjie.
5. Algemene plaatjies tel ook 1 punt, maar eers na 25 algemene saamtrekke word 'n blou blikplaatjie uitgereik met 25 algemeen daarop aangebring. Algemene plaatjies word in hoeveelhede van 25 bereken, maw 25, 50, 75, ens.
6. 'n Kampkommandant plaatjie word aan elke paartjie wat by 'n saamtrek as kampkommandante optree, uitgereik.
7. Vir elke 5 kampkommandant plaatjies word 'n blou verdienste plaatjie uitgereik met 5, 10, 15, ens kampkommandante daarop aangebring.
8. Vir elke 30 voltooide streek saamtrekke word 'n blou verdienste plaatjie uitgereik met 30, 60, 90, ens saamtrekke daarop aangebring.
9. Indien 'n nuwe lid aansluit, word die datum van aansluiting aangeteken vir 100% bywoning. Indien al die streekkampe soos in die jaarprogram aangedui bygewoon word, kwalifiseer die lid vir 'n 100% toekenning. Dit is weereens 'n blou verdienste plaatjie en die begin datum en eind datum waarbinne die 100% toekenning behaal is word daarop aangebring.
10. Indien 'n lid 1 streekkamp mis, kan hulle steeds vir 100% toekenning kwalifiseer indien 'n gebiedskamp of die Presidente saamtrek bygewoon is.
11. Geloftefees en Tuisblyer saamtrekke word nie ingereken vir 100% bywoning nie.
12. Indien 2 streekkampe gemis word maar woon die AJV en of die Presidente of 'n Gebiedskamp by kwalifiseer die lid vir 'n 90% toekenning
13. Tydens seniorburger saamtrekke moet 2 agtereenvolgende nagte gestaan word en aan al die aktiwiteite deelgeneem word om vir daardie plaatjie te kwalifiseer. Enige lid is welkom om 'n seniorburger saamtrek by te woon.
14. Daar moet ook 2 agtereenvolgende nagte by 'n tuisblyer saamtrek gekamp word om te kwalifiseer vir 'n plaatjie. Indien meer as een streek by 'n tuisblyer kamp saam getrek is, mag NET EEN plaatjie vir die totale duur van die saamtrek uitgereik word.
15. Vir elke jaar wat 'n lid op die Streekbestuur dien, word 'n blou verdienste plaatjie uitgereik met die amp daarop aangebring.
16. Vir elke 4 blou verdienste plaatjies word 'n Mooi-Mooi aan die lid uitgereik.
17. Vir elke 2 Mooi-Mooi's word 'n Streek Merietetoekenning aan die lid uitgereik. Die aansoek daarvoor word tydens 'n gebiedsvergadering bekragtig.
18. Indien 2 Streek Merietetoekennings uitgereik is, kan die lid aansoek doen vir 'n Streek Eretoekenning wat ook tydens 'n gebiedsvergadering bespreek en bekragtig word.
19. 'n Streek Eretoekenning word slegs EENMAAL aan 'n lid toegeken [Grondwet riglyn 10.4.2]
20. Nadat 'n Streek Eretoekenning aan 'n lid uitgereik is, moet lede 3 jaar ononderbroke getroue diens aan die Streek lewer alvorens hulle kan kwalifiseer vir 'n Streek Eretoekenning – Hoër Graad. Hierdie toekenning kan net tydens 'n NUB vergadering goedgekeur word. Die toekenning word tydens die AJV aan die lid oorhandig. Hierdie toekenning word ook net EENMALIG uitgereik. [Grondwet riglyn 10.4.3]

2009-09-09